*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 7 September 2025**
**Lente- en Skeppingsondag**

## Die Groot Tuinier wat aanhou werk, en ons, sy breekbare, begenadigde kleipotte!

*"Die dag toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het...*
*het die Here God die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende wese geword.*
*En die Here het 'n tuin aangeplant in Eden, in die ooste, en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas... om dit te bewerk en op te pas.*
*Die Here God het ook gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak, as sy gelyke.'"*
(Genesis 2:4, 7-8, 15 en 18)

God het lig geskep (Dag 1); God het vog en water geskep (Dag 2); God het grond en groeikrag en plante geskep (Dag 3); God het die son en maan, tyd en seisoene geskep (Dag 4); God het lewe in die water geskep en lewe in die lug, 'n "wemeling" – visse en voëls (Dag 5); God het al die diere laat verskyn, "volgens elkeen se aard" (Dag 6). Woord en wetenskap. En toe alles gereed was, het God Drie-Enig "mense na ons beeld" gemaak, mense met 'n waardigheid en roeping, om die aarde te bewoon en te bewerk... en God het gesien dat dit alles goed was (Genesis 1:4, 10, 12, 18, 21, 25 en 31). Dit is die een skeppingsverhaal...

Daar is 'n ander skeppingsverhaal ook, dié van Genesis 2; "die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." Alles was ook woes en leeg (2:5), totdat God begin tuinmaak het; ondergrondse water wat opwel (2:6); 'n aangeplante tuin met allerhande bome en vrugte (2:9); 'n rivier met vier vertakkings in en om die tuin (2:10-14); 'n woonplek geskenk vir die mens "om dit te bewerk en op te pas" (2:15). Hierdie keer – in aanvulling van die eerste skeppingsverhaal – word daar nóg meer gesê oor die mens, die "beeld van God", se wording en wese. Dat ons baie broos is – grond en gees (2:7). Dat ons goed versorgd is (2:8). Dat daar hierdie tweekantigheid in ons bestaan is, altyd: vryheid én grense, goed én kwaad, kennis én geheimenis, lewe én sterwe (2:9, 15-17). Dat die mens waardig is – byvoorbeeld om koninklik al die diere name te gee – maar tog 'n maat kort, 'n mede-mens, gelykwaardig; die geskenke van vriendskap en vereenselwiging (2:18, 21-24).

Vêr anderkant die breekslag van hierdie verhoudinge en die verlies aan die mooi Tuin, en ánderkant die nuwe begin ook – die Herskepping in Christus – het die apostel Paulus geskryf oor die goeie nuus van God se lig wat eens en wéér deurgebreek het, en hoe dit soos 'n skat in kleipotte aan ons gegee is. En wéér 'n keer, die teenstellings van broosheid én sorg, van nie-weet én weet, van sterwe én lewe (2 Korintiërs 4:6-7). Gee laat nie sy handewerk vaar nie, nooit nie, inteendeel, Hy blý lewe gee, en genade en dankbaarheid! Tot Sy eer!

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal, deur ds. Janke Hurter. Welkom aan alle besoekers, die families van die dopeling, aan nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

# LITURGIE

**Verwelkoming**

**Aansteek van die wydingskers**

**Wydingslied:** "O, Here God, u Naam is groot op aarde" (Psalm 8:1, 3 en 4)

**Votum:**

**Liturg –** "Ek kyk op na die berge –
waar sal my hulp vandaan kom?"

**Gemeente –** "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.

**Liturg –** "Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.

**Gemeente –** "Die Here is ons Beskermer;
die Here is die skaduwee aan ons regterkant.

**Liturg –** "Bedags sal die son jou nie skaad nie,
en snags ook nie die maan nie.

**Gemeente –** "Die Here beskerm ons teen elke onheil,
die Here beskerm ons ingaan en ons uitgaan,
van nou af tot in ewigheid." (Psalm 121)

**Seëngroet**

**Loflied:** "O Here, U ken my volkome" (Psalm 139:1, 3 & 5; 2e beryming)

**Herinnering aan die Tien Woorde vir 'n geseënde lewe...**

**Verootmoediging:** "Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:1 en 2)

**Herinnering aan die genade van die Doop!**

**Toe-eiening:** "Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:3)

**Getuienis van die doopouers, Waldo en Mariet van Niekerk**

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Bediening van die doop aan klein Liam van Niekerk**

**Gebed & gebedslied:** "Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het" (Lied 245:1 en 2)

**Skriflesing:** Genesis 2:4-9, 15-18 en 21-25, en 2 Korintiërs 4:1-10

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Erkentlik deur die dae" (Lied 521:1 en 2)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 7 Sept | 15:30 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Me. Sheri Brynard: *"Laat jou lewe aan die Here oor…"* (Ps. 37 – Preek van die Leek). |
| Donderdag, 11 Sep | 11:00 – Ds. Johan Marais (Biduur by Siësta). |
| Sondag, 14 Sept | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais (doop) |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Teol.Std. Jacques van Wyk (Proeferediens). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 07 Sept. | Jaco de Jonge, Claudia Janse van Rensburg, Martie Nel en Elmien Wium. |
| 08 Sept. | Jan-Daniël Adendorff, Lindi Grobler, Hanneke Lubbe, Christiaan Meyer, Justus Rabie en Sunel Swart. |
| 09 Sept. | Janco Pretorius en Levi von Wielligh. |
| 10 Sept. | Gerhard Adendorff, Jaco Buys, Hannetjie Dippenaar, Johan du Raan, Meliza Grimbeek, Benita Hancke en Lize Loots. |
| 11 Sept. | Emma Relling. |
| 12 Sept. | Jaco Engelbrecht, Karin Harris en Teresa Zietsman. |
| 13 Sept. | Jan Berry, Sunique Boshoff, Elbé Henn, Uli Maritz, Theuns Mulder en Huibrecht van der Westhuizen. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Alfreda Schutte (Sewe Damme 133, wyk 8b); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15a); Oom Charl Marais (Kiepersoloord 12, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 08b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15); Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Tannie Elsie Strauss (Noorderbloem, wyk 17); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en die suster van Tannie Winnie Barnard – ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing ook aan Lindi Botes en hulle as familie, by die heengaan van haar suster; ons bid hulle die troos en nabyheid van ons Vader toe.

'n Hartlike dankie aan almal wat die afgelope week met my verjaarsdag, wense van goedheid en guns, en seën laat hoor het; dankie – Jan Lubbe

Die nuutste uitgawe van die *Kerkbode* is beskikbaar agter in die kerk sowel as by die kerkkantoor. Neem, lees, weet, gesels saam, bring terug & deel met ander...

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Konsistorie. *"Paulus, Jesus en ons – wat glo jý?"* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**As diaken verkies:** Br Auret Strauss – ons bid hom die leiding deur die Gees van God toe.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Wyke 17** (Noorderbloem) en **18** (Heliconhoogte, Pentagonpark, Santé) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter sorg. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Seniorbediening:** Ons nooi almal 60+ uit na ons byeenkoms komende Woensdagoggend, 10/9 om 09:30 – dit is Alzheimersbewuswordingsmaand, en Elthea … van ADASA, wat met pasiënte en families werk, gaan ons hieroor kom inlig…

**EREDIENSBEDIENING**
**Orrelkonsert met Zorada Temmingh:** Op Sondagaand, 21 September om 18:00, bied Berg-en-Dal "The Four Horsemen of the Apocalypse" aan, 'n legendariese stilprent met 'n orrel-improvisasie deur die bekende Stellenbosse orrelis Zorada Temmingh aan. Kaartjies @ R 100 p/p, beskikbaar by die kerkkantoor of bespreek by 073 180 3193.

**BERG-EN-DAL KERMIS 2025 – VRYDAG, 19 SEPTEMBER**
Ons is twee weke weg van Boereplaas 2025 en die reëlings loop mooi!




🌙🏃🏃 **Nagpadwedloop – Vrydag 19 September om 18:00**
Skryf hier in: https://www.entryninja.com/events/82740-berg-en-daller

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 7 September: **Gemeente-ondersteuningsfonds (GOUF).** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**